

# KOMMUNIKAMMA



**Teks vir die week: Ef. 2 : 10** *Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het.*

## **SAKE vir GEBED:**

\*\*\*Wynne du Plessis gaan hospitaal toe vir behandeling.

\*\*\*Luther Landman se pa is in die hospitaal.

\*\*\*Bid vir Michau Rheeder wat aansterk na 'n groot operasie.

\*\*\*Ons bid vir almal wat siek is en bedlêend is. Ons bid dat die Here vir hulle deur die Heilige Gees sal bemoedig en versterk. Ons dra almal wat geliefdes aan die dood moes afstaan aan ons Hemelse Vader op en ons vra dat Hy hulle sal vertroos en berusting sal vind by Hom.

\*\*\*Ons dank ons Hemelse Vader dat ons die Lydensweek en die Paasnaweekdienste kon bywoon en dat ons geestelike versterking kon ondervind. Alles tot Sy eer en verheerliking.

\*\*\*Ons reis saam met Janine Coetzee en haar span op ons knieë op hulle uitreik in Irak. Bid vir gesondheid, geestelike krag en liefde. Ons bid vir hulle veiligheid en teen liggaamlike uitputting.

\*\*\*Bid vir Sri Lanka en teen al die geweld en onrus in daardie mooi land.

Jesus March

\*\*\*Die "Jesus March" vind vandag plaas en die vertrekpunt is King's Beach om 13:30. Almal word gevra om wit te dra en ons stap na Something Good.

## **Gebed vir die verkiesing op 8 Mei 2019**

God van medelye en hoop, U wat oor alle aardse regeerders troon, lei die burgers van Suid-Afrika wat eersdaags leiers verkies.

Ons bid dat die politieke partye hul planne eerlik en helder sal kommunikeer, dat die kiesers hulle stemme in veiligheid en met vertroue kan uitbring, en dat diegene verantwoordelik vir die verkiesing effektief sal wees om te verseker die uitslag word deur almal aanvaar.

Ons bid dat die nuwe regering ondersteuning sal geniet terwyl hulle een nasie bou waarin almal hulle gawes kan beoefen om by te dra tot gemeenskaplike voordeel.

Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus. Amen

## **Gebedsversoek vir Maldives**

Bid vir wonderlike bonatuurlike geleentehede vir die mense van die Maldives om die Evangelie te hoor.

# SONDAG 28 APRIL 2019

**08:30** Eietydse diens

**09:45** Kategese

**10:00** Klassieke diens

Baie geluk aan Heinrich en Sonnica Albertyn wat vandag hul dogtertjie, Anlea, laat doop.

**Teebeurt vandag: Pronkertjie sel**

**Teebeurt 5 Mei: Kappertjie sel**

**Die deurdankoffer is vir MTR Smit Kinderoord**

---

## **MAANDAG 29 APRIL**

**12:45** Gebedskild in die gebedskamer.

**19:00** Gemeentebediening diensterrein.

## **WOENSDAG 1 MEI**

**ONS KIES KERMIS**

**08:00** Pretstaf/draf 5km (R30.00 pp).

**08:30-13:00** Kermis met alles wat lekker is. Nooi almal wat jy ken en kom kuier saam.

**10:00** Klikkerland vertoning in Kerk (R60pp).

## **VRYDAG 3 MEI**

**MANNEBYEENKOMS**

**05:00** By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

## **SONDAG 5 MEI**

**08:30** Eietydse diens

**09:45** Kategese

**10:00** Klassieke diens

## **VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU**

Die 1ste fase van verbetering aan die kerkgebou sluit die bou van 'n verhoog, verbetering aan die moederskamer en klank in. Een kontrakteur het getender. Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

**# Imagine Kidz is weer hier! Al die maats van gr R tot gr 7 is welkom om gedurende 24-28 Junie 2019 te kom deel in die pret. Op hierdie stadium is ons dringend opsoek na Groepleiers (Gr 8 tot Gr 12) en ook Stasieleiers (volwassenes). Indien jy deel wil wees van hierdie opwindende week, kontak Petru Vlok by 083 522 9880.**

## **BESOEK AAN CALA**

Een van die bediening wat ons gemeente maandeliks finansieel ondersteun, is Cala gemeente. Ds Derik Myburgh is daar predikant. Ons wil die naweek van 10-12 Mei by hulle gaan kuier. As jy wil saamgaan, kontak Giel Meyer by 082 873 9844.

## **ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK**

Ons hou hierdie jaar ipv die Vrouekamp 'n Kamp vir **Egpare**, naweek van 4 Okt by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei. Deel van die naweek is om te gaan stap. (Jy hoef nie fiks te wees nie, maar jy moet kan stap) Belangstellende egpare kan Roenel van Rooyen skakel.

Gesels met mekaar daarvoor en gee jul name vir Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings vir die kamp, gee ook jou naam en noem dat jy graag vir help.

**Verblyf:** Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir mense om te bly, daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek, kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

**Kamp koste:** R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

## **HULP AAN MOSAMBIEK**

Llewellyn Olivern en Gabriel Chiboto, dominees van Mosambiek, het twee weke gelede die vloedgeteisterde gebied van Buzi en Beira besoek. Die verhale van verwoesting van sikloon Idai wat hulle vertel, kan geen mens onaangeraak laat nie. Maande van voedsel- en watertekorte, asook siektes, lê vir baie mense en veral kinders voor.

Daar is 'n dringende nood vir skoon water, kos, klere, medisyne, boumateriaal, diere en saad vir die volgende plantseisoen.

Indien u 'n finansiële bydrae wil maak vir die nood in Mosambiek, kan u dit tot die einde van April by ons kerkkantoor inbetaal. Dui asb net duidelik aan dat dit vir Mosambiek is.

Ons sal 'n oorbetalings maak aan 'n noodfonds vir die slagoffers. Indien u die besonderhede van die noodfonds wil hê, kontak asb met die kerkkantoor.

**Ons is opsoek na persone wat wil help met die Webbediening - kies waar jy jou talente en vaardighede wil aanwend:**

Help met plaas van terugvoer van diensterreine/ kleingroepe, Geestelike 'padkos', taalversorging, fotogalery, Grens.Pos/ABC/FEBA Radio se gebedsversoeke en e-nuusbriefe Samestelling van kuberkamma Beplanning en onderhoud van webwerf saam met webmeester

**Let wel:** Geen kennis van programmering is nodig nie – slegs die vaardigheid om e-pos te ontvang en te stuur plus entoesiasme vir die Webbediening elke dag.

ePos [kuberkamma@ngkraggakamma.co.za](mailto:kuberkamma@ngkraggakamma.co.za) vir meer besonderhede.

## **NUWE LIDMATE**

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by

[kuberkamma@ngkraggakamma.co.za](mailto:kuberkamma@ngkraggakamma.co.za) Nog inligting

oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf

[www.ngkraggakamma.co.za](http://www.ngkraggakamma.co.za).

## **LOUISA MEYBURGH TEHUIS**

Ons nooi almal hartlik uit om op **4 Mei 2019** die Tehuis se blikkies-fondsinsameling by Sunridge Spar te kom ondersteun. Elke bydrae sal waardeer word. Enige kontantbydraes is ook welkom. Vir enige navrae kan Marlene Postma (041-3605243) of Ansie Vorster (041-3794169) gekontak word.

**\*\*\*Die koffiewinkel is asb op soek na mooi en lekker koeke, asook langlewe melk. Benodig ook nog hulp. Kontak Dossie by 082 957 6084.**

**\*\*\*Gebaktafel soek asb nog dringend groot koeke vir hulle tafel. Kontak Jack vir meer inligting (084 247 0933)**

**\*\*\*Potjiekos kort nog lekker potjies asb. Kontak Rudi by 082 567 6724.**

**\*\*\*Kleinkoekies en beskuit is asb op soek na baksters, asook beskuit en kleinkoekies. Kontak Sonja by 084 516 4925**

**NG SONHEUWELS FAMILIEDAG** AANGEBIED DEUR: PROSPER TRAINING FACILITY

**BLOUGAT SKIETBAAN LOERIE**

Kom geniet **WEER** saam met ons 'n **FAMILIEDAG VOL OPWINDING** met Informele Skiet en Skyfskiet!!!!

- Kinders word spesiaal uitgenooi om deel te neem onder toesig en met toestemming van hulle ouers;
- Ouers kom toets u praktiese vernuf met u eie wapen of;
- Andersins maak gebruik van ons wapens en ammunisie (rondtes teen koste)
- Geakrediteerde Instrueteurs sal help.

09:00 : 04 MAY 2019

**VERVERSINGS GAAN TE KOOP AANGEBIED WORD**

**R50 Baan Fooi**

NB!!Navrae / Bevestig Bywoning  
Asb :Frikkie Marx 0825024676



Gebruik SnapScan en betaal jou:  
Dankoffer  
Maandelikse Bydrae  
Donasie, ens..